
DIE GERECHTIGHEID WAT GOD GEE

No. E283

Rm 1:17 (OAV): "Want die gerechtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe." [Hierdie is 'n aanhaling van Hab 2:4 en word nog twee maal in die Nuwe Testament aangehaal: Gl 3:11 en Hb 10:38 (slaan na in OAV)].

Niks in die Bybel is onbelangrik nie. Maar sommige Skrifwaarhede is van sulke wesentlike belang dat dit werklik 'n vraag is of jy hoegenaamd 'n Christen is as dit nie aan die hart van jou alleroortuigings lê nie.

Gevolglik vind ek dit baie ontstellend as ek regdeur ons land by goeie en getroue kerkmense kom en agterkom dat sovele van hulle geen snars van talle van hierdie waarhede begryp nie.

Daarom wil ek nogeens vandag met julle praat oor 'n evangeliewaarheid wat nie net aan die hart lê van ons allerheiligste geloof nie, maar wat ook 'n bron van onuitputlike troos is vir elkeen wat vir lewe en dood in Jesus Christus skuil. Ons het al dikwels hieroor besin, en vir meeste van julle gaan ek niks nuut sê nie - maar ek sidder by die gedagte dat ek eendag, as ek voor die Here moet verantwoording doen, dalk die verwyf uit Sy mond mag hoor dat ek nagelaat het om dit oor en oor op julle harte te druk.

Ek praat van regverdiging deur die geloof alleen. Dis 'n waarheid waarvan Luther gesê het dat die kerk daarby staan of val. En inderdaad is daar beswaarlik 'n meer betroubare lakmoestoets om die egtheid van 'n gemeente vas te stel, al dan nie.

Meer nog: ek weet nie van 'n waarheid wat méér ingrypende en praktiese effekte op 'n mens se lewe het, as hierdie nie. Daarom, maak seker jy verstaan

dit, omhels dit in die geloof, oordink dit weer en weer, en rig jou lewe daarvolgens in.

Die gerechtigheid van God

Martin Luther was 'n Rooms-Katolieke priester en professor aan die universiteit van Wittenberg. Onder meer moes hy klasgee oor die brief aan die Romeine. Maar hy kon nie agter die kap van die apostel se byl kom nie. Wel het hy verstaan dat 1:16-17 die tema van die hele boek is, en as sodanig die sleutel tot die verstaan daarvan. Oor en oor het hy die twee verse gelees en elke keer gestruikel oor die uitdrukking in v.17: "die gerechtigheid van God" (OAV, lett.). Deur die middeleeue het die Katolieke kerk geleer dat die woorde oor 'n karaktertrek van die Here praat, naamlik dat Hy 'n God van gerechtigheid is en toorn oor die sonde van mense.

As daar één kwessie was wat in Luther se hart gebrand het, was dit Job se vraag: *hoe kan 'n mens regverdig voor sy Maker staan?* (Job 4:17; 9:2). Hy skryf daarom in sy outobiografie dat hy mettertyd die begrip begin haat het, en al hoe meer kwaad geword het vir God. Want vir baie jare het hy met 'n intense sondebeseft geworstel, magteloos om 'n heilige lewe te lei. Die laaste ding wat hy wou hoor, allermins van hierdie boek wat daarop aanspraak maak dat dit die geheim van ewige verlossing dra, was dat hy te doen het met 'n God wat algeheel onverdraagsaam is teenoor sondaars.

Een dag - waarskynlik in die herfs van 1514 - het die priester-professor nogeens hierdie verse oor en oor gelees. En toe skielik, daar in die toring van die Augustiniaanse klooster in Wittenberg, tref dit hom soos 'n donderslag: *in die Grieks kan hierdie uitdrukking óók beteken dat God die oorsprong van gerechtigheid is - dat Hy gerechtigheid gee.*¹

Opeens het die boodskap van die Romeineboek vir Luther oopgeval. Later skryf hy, "Toe het ek

1. 'n Subjektiewe, en nie 'n objektiewe genitief soos die kerk van die vorige eeue geleer het nie.

wedergebore gevoel soos 'n nuwe mens, en ek het deur oop deure God se Paradys binnegestap."

Só begin die sestiende eeuse Reformasie dan. Niks sou ooit weer dieselfde wees nie. Opeens is Europa se vensters oopgestoot om die sonskyn van heilswaarheid orals te laat instroom en die duisternis van die Middeleeue te verdring. In die volgende jare sou dit lei tot die redding van duisende der duisende.

Wat het Luther gesien?

Om dit te verstaan wat Luther begryp het, gou-gou 'n dogmatieklessie.

Adam het as hoof van die ganse mensheid opgetree toe hy in sonde geval het. Die effek van sy sonde op sy nageslag word die *erfsonde* genoem. Één manier om hierdie effek te beskryf, is om te sê dat die mens 'n diep en omvangryke verlies aan *gerechtigheid* gelei het. Dit het twee komponente.

Eerstens het die mens sy *gerechtigheidsaard* verloor. Hy het nou 'n *sondige natuur* (sonde is die teenoorgestelde van gerechtigheid). Ons noem dit ook die *erfsmet*. Almal ken dit proefondervindelik.

Tweedens het die mens sy *juridiese gerechtigheidsstand* voor God verloor. Ons noem dit ook die *erfskuld* - want elke mens is nou strafwaardig voor God, selfs nog voordat hy of sy 'n enkele sonde gepleeg het. Die mensheid, as Adam se nageslag, het in verlorenheid ingetuimel en so onder God se toorn beland. Op eie meriete word elke mens dus sonder God en sonder hoop gebore. As sodanig is die natuurlike mens doemwaardig.

En sy skuld word uiteraard al hoe meer soos hy dag na dag self ook sondig.

Maar! Christus het as "tweede mens", as "laaste Adam" (1Kor 15:45, 47) - en as Hoof van God se nuwe mensheid - gekom om die effekte van die sondeval vir Sy mense op te hef (Rm 5:12-21). Wanneer 'n sondaar in alle opregtheid en erns sy volle geloofsvertroue in Christus stel, word hy of sy by wyse van spreke uit Adam uitgehaal en in Christus oorgeplant. Soos wat Adam se sonde aan hom *toegereken*, oftewel gedebiteer is, so word

Christus se verdienste nou aan hom toegereken, oftewel gekrediteer.²

Ons kan nie nou praat oor hoe die Here Jesus se heiligmakende werk ons verlies aan 'n *geregtighedsaard* aanspreek nie. Ons teks handel nie daaroor nie. In elk geval is dit nie die mens se eerste en diepste probleem nie. Nee, sy verlies aan 'n *geregtigheidstand* voor God is die gevalle mens se grootste krisis!

Om te verstaan hoe Christus die probleem van ons verlies aan 'n *geregtigheidstand* voor God aanspreek, moet ons vir 'n oomblik oor die aard van sonde praat (ons eie sonde en ons sonde in Adam).

Alle sonde val in een van twee klasse: dit wat mens *doen*, en dit wat jy *nalaat*.³ Ons oortree God se voorskrifte, én ons misluk om aan Sy standarde te voldoen. My sondes van oortreding is één ding, maar wat van al die dinge wat die Here beveel, wat ek nie doen nie? Ek haat Hom nie meer nie - en dis wonderlik - maar wat daarvan dat ek Hom nie liefhet met my hele hart en verstand en krag nie?

- Meeste van ons is deeglik bewus daarvan dat Christus met Sy vernedering en bloed betaal het vir alle sonde van elke mens wat die Vader aan Hom toevertrou het. Dit geld vir elke kriesel sonde wat hierdie begenadigde mense gedoen het, doen, en sal doen. Die straf wat Hy verduur het, het Hy as my Plaasvervanger gedra - in my plek. My skuld is aan Hom toegereken - dis oorgeboek na Sy rekening, Hy is daarmee gedebiteer. En toe Hy dit betaal het, was dit die einde van my skuld!

- Maar hoeveel van ons beseft dat hierdie vryspraak, hierdie kansellering van my aanspreeklikheid vir my sondes, op sigself nie

2. Die begrip "toerekening" in Grieks (11 keer in Rm 4, vgl. OAV) dui op 'n inskrywing in 'n rekeningboek. Ons kan dus ook vertaal met *debiteer* of *krediteer*. Vergelyk ook die NIV.

3. Engels: *sins of commission, and sins of omission*.

genoeg is nie?⁴

As ons net vryspraak ontvang het, was ons weer waar Adam en Eva voor die sondeval was - sonder skuld, ja. Maar was dit genoeg? Nee! Hulle moes nog deur aktiewe gehoorsaamheid die loon verdien! En hierdie gehoorsaamheid sou daarin lê dat hulle hul onthou van die "boom van alle kennis" (Gn 2:17). Deur gehoorsaamheid aan hierdie proefgebod sou hulle dan uiteindelik toegang verkry tot die Boom van die Lewe en vir ewig bly lewe⁵.

Voor die sondeval was Adam en Eva in 'n wonderlik bevoorregte posisie - maar tog nie in 'n volmaakte posisie nie. Volmaaktheid sou eers intree indien hulle gehoorsaam aan die proefgebod sou bly. Dan sou hulle nie meer kón sondig nie en volmaakte en ewig-onvervreembare sekuriteit in liefdesgemeenskap met God sou hulle deel wees. Maar helaas het hulle tragies misluk.

Hier het ons dan 'n lewensbelangrike beginsel, aan die hart van die Godsopenbaring: dis nie genoeg om bloot God se gebooie níe te oortree nie, ons moet hulle hóú!

Daar is nie net straf om te ontkom nie; daar is loon om te verwerf! Wil jy die ewige lewe beërf, moet jy nie net vryspraak van elkeen van jou sondes ontvang nie. Nee, jy kan die ewige lewe net verkry deur absolute gehoorsaamheid aan een en elkeen van God se wette. Maar, helaas, dit kan geen mens eers begin regkry nie. Nee, nee! Een hét dit reggekry - die mens Christus Jesus!

4. Die NAV se gebruik van die woord "vryspraak" vir die hele Nuwe Testamentiese idee van regverdiging, is baie onbevredigend - soos in die volgende paragrawe sal blyk. Ja, regverdiging behels vryspraak, maar die kosbaarste deel daarvan is die positiewe komponent daarvan. Die OAV se gebruik van "regverdiging" of "regverdigmaking", is as positiewe idee dus 'n baie beter vertaling.

5. Gn 2:9; 3:22, 24.

*Van Sy eerste lewenslig af, tot en met Sy laaste asemteug, het Hy vir geen oomblik geswig voor 'n enkele sondige gedagte, begeerte of motief nie! Tot in die fynste besonderhede het Hy alles, presies alles, gedoen wat Sy Vader wou.*⁶

En nou is die Bybel vol beloftes dat elke sondaarmens wat sy volle vetroue in die "laaste Adam", die "tweede mens" (1Kor 15:45, 47) stel, met Sy volmaakte gehoorsaamheid gekrediteer, oftewel geregverdig sal word. En beklee met hierdie toegerekende geregtigheid sal elke ware gelowige uiteindelik triomferend deur die hekke van die ewige saligheid stap en hom of haar onomkeerbaar vir ewig tuismaak, eers in die hemel en na die wederkoms op die nuwe aarde - in heerlike gemeenskap met die drie-enige God!

Dís waarvan Rm 1:17 praat. Dís die geregtigheid wat God gee. Dís wat Luther gesien het. Dís die essensie van regverdiging deur die geloof alleen. Is dit 'n wonder dat dié monnik nooit weer dieselde was nie; trouens die hele Europa - nog meer, die hele wêreld.

Waarlik, dit hou nie op om my te fassineer dat 'n ander vertolking van 'n enkele Griekse genitief-konstruksie die gang van die wêreldgeskiedenis so ingrypend kon verander nie. Nog meer, oneindig heerliker is die feit dat die ewige lot van miljoene mense op daardie oomblik toe Luther begryp het, totaal en radikaal geskarnier en omgekeer het. Hoe sal ek die Here ooit genoeg kan dank dat ook ek deel van daardie miljoene is!

Ag, hier waar ek sit en skryf, kan ek dit nie oor my hart kry om nou klaar te maak nie.

6. Toe die Vader die Seun uit die dood opgewek het, was dit Sy verklaring dat die Seun Hom volkome gehoorsaam het - dat Hy geen sonde gedoen het, en dus in eie hoedanigheid nie die dood verdien nie.

Leser, is jy ook in Christus? Is jou geloofsoë vasgenaël op Hom? As jy van harte kan sê, "ja, 'n duisend maal, ja!", besef jy wat dit beteken? *In God se boeke, by wyse van spreke, het jy die status van iemand wat nog nooit gesondig het nie - want al jou skuld is betaal. Nog méér: in God se boeke het jy die status van iemand wat Sy wet volkome onderhou!*

Net ten slotte

Let op, ek sê dit geld in God se boeke. Onthou, hierdie is 'n juridiese aangeleentheid. Paulus gebruik deurgaans wets- en boekhoutaal. Hierdie is dus 'n objektiewe saak, nie 'n subjektiewe nie. Dit gebeur buite jou (in God se boeke!), nie in jou nie (as jy dit in geloof vasgryp, het dit weliswaar dramatiese effekte in jou). Dit is nie 'n ervaring nie; dit is iets wat jy in die geloof moet vat - omdat God se evangelie dit belowe.

Om weg van onself te kyk, en ons oë op Christus en Sy verdienste vas te nael, is een van die eerste en belangrikste lesse wat 'n Christen moet leer. Dis die essensie van geloof. Onthou jy die koperslang in Num 21:5-9 en Jh 3:14-15?. Wie het gesond geword? Hulle wat bloot in gehoorsaamheid gekyk het - hulle oë op die koperslang vasgenaël het. Wat het geword van dié wat met toerniket-verbande en 'n gesuigery probeer regkom het? Hulle is almal dood!

Ontelbaar baie Christene staan op een plek en rondmaal, omdat hulle introspektief is en gedurig met dermygery besig is. Dis selfgesentreerdheid. En dis sonde - onder meer die sonde van ongelooft. Jy glo God se belofte nie! Asof Hy 'n leuenaar is!

Daarom is daar in die Bybel beswaarlik 'n heerliker en meer betekenisvolle belofte as dié van Op 22:2: *die boom van die lewe!*

Die gerubs wat moet toesien dat Adam en sy nageslag nie 'n voet in die tuin van Eden sit nie (Gn 3:24), sal ook binnekort vir my en jou (ek praat met sondaars wat deur 'n ware geloof geregverdig is) by die poort van die ewige saligheid 'n verwelkomingserewag vorm.

Is dit 'n wonder dat die bekende Britse prediker, skrywer en teoloog iewers gesê het: "Niemand verstaan die Christelike geloof, as hy nie die begrip *regverdigmaking* verstaan nie." En die ou Puritein, Thomas Watson het geskryf, "Regverdigmaking is die skarnier en pilaar van die Christelike geloof."

Les bes, die bekende Amerikaanse kerkleier en teoloog, Gresham Machen, het waarlik verstaan. Op 1 Januarie 1937 is sy laaste sterfbedwoord: "Ek is so dankbaar vir die *aktiewe* gehoorsaamheid van Christus. Daarsonder is daar geen hoop nie."

Nico van der Walt

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika. E: nico.vanderwalt@reformed.org.za; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
- Weekliks word 'n preek/studiestuk soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer of preek gerus. Of stuur verder.